Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 05 Dec 2018
Page: 7

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Tuks se karatekas wen vyf medaljes in Durban

Wilhelm de Swardt

Tuks se karatekas het hulself die afgelope naweek deeglik laat geld deur vyf medaljes in te oes op die Statebond-karatefederasie se kampioenskapsbyeenkoms in Durban.

Jesse Sim het twee goue medaljes in die kata-kompetisie gewen. Hy is die o.21-kampioen en het in die span-afdeling vir seniors saam met Justin Baynes en Khardan Ruocchio ook 'n goue medalje verower.

'n Kata-kompetisie vereis dat 'n karateka 'n geveg demonstreer. Tegniek is van kardinale belang. So ook atletiese vermoëns. Die geheim is glo om 'n kata uit te voer wat by jou talente pas.

> Ek wou 'n medalje verower, en ek het dit reggekry.

Wenette Jordaan het in die o.61 kg-kumite-kompetisie se eindronde vir senior vroue teen 'n karateka van Indië verloor, terwyl Hannelore Constable silwer in die o.21-vrouekumite-kompetisie gewen het. Cullen Elson was derde in die o.21-mans se kumite-kompetisie.

Jordaan is tevrede met haar vertoning.

"Ek wou 'n medalje verower, en ek het dit reggekry, hoewel dit nie in die kompetisie was waarop ek gehoop het nie. My doelwit was om in die kata goed te doen. Die fout wat ek gemaak het, was om toe te laat dat my senuwees my effens opkeil. Dit gebeur soms mos as 'n mens baie graag iets wil vermag. Ek het tot die bronsmedalje-ronde deurgedring, maar toe foute gemaak wat daartoe gelei het dat ek op die ou einde sesde eindig.

"Ná die kata-kompetisie het ek 'n bietjie nagedink oor waarom ek karate doen. Dit is om dit te geniet. So my benadering in die gevegkompetisie was heeltemal anders. Ek was baie meer ontspanne."

As perfeksionis hou Jordaan daarvan om vooraf haar teenstander se sterk- en swakpunte te bestudeer. Sy het dan ook Saterdag moeite gedoen om te kyk na die gevegstyl van die karateka van Indië teen wie sy in die eindronde te staan sou kom.

"Maar toe betrap sy my heeltemal onkant en doen iets wat ek glad nie verwag het nie. Só leer 'n mens mos maar," verduidelik Jordaan.

Haar groot doelwit is om aanstaande jaar minstens een titel op die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms te verower. Sedert 2012 het sy dit nog elke jaar reggekry, maar omdat sy nou die eerste keer as 'n senior deelneem, is dit geen uitgemaakte saak dat sy 'n medalje sal wen nie. Sy besef dat sy baie harder sal moet werk.

Wenette Jordaan van Tuks het 'n silwermedalje gewen by die Statebond-karatefederasie se kampioenskapsbyeenkoms in Durban.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.